

DISLEKSIE BY AFRIKAANSSPREKENDE LAERSKOOLLEERLINGE:  
'N FOUTE-ANALISE.

'n Verhandeling voorgelê deur

MARITA BRINK

ter gedeeltelike nakoming van die vereistes  
vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

DEPARTEMENT SIELKUNDE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT  
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

Desember 1966.

Leier: Prof. C.F. Schoeman.

BEDANKINGS.

Ek wil hiermee graag my opregte dank en waardering betuig teenoor prof. C.F. Schoeman wat as leier vir hierdie verhandeling opgetree het.

My dank ook aan die skoolhoofde en die plaaslike inspektoraat vir hulle toestemming om die leerlinge wat by hierdie studie as proefpersone betrek is, te toets. Die hulpvaardigheid en vriendelikheid wat ek by al die skole teëgekom het tydens die ondersoek word op prys gestel.

M. Brink.

Potchefstroom.

## INHOUD.

	p.
BEDANKINGS	ii
INLEIDING	vii
HOOFSTUK 1. DIE LEESPROSES	1
I. Die funksies van lees as taalfenomeen. by die kind	1
A. Inleiding	1
B. Die funksies van lees in die lewe van die kind	1
C. Samevatting	4
II. Die ontwikkeling van lees as visuele taalvorm	5
III. Die leesproses	10
IV. Samevatting	23
HOOFSTUK 2. DISLEKSIE: 'N OORSIG VAN DIE SINDROOM ENW ETIOLOGIE	24
I. Inleiding	24
II. Terme en begrippe	24
III. Grade van disleksie	27
IV. Omvang van die probleem	27
V. Ander kenmerke van die disleksiesindroom	28
VI. Etiologie	42
A. Vroegste mediese beskouinge	42
B. Teorieë wat psigologiese en opvoedkundige faktore beklemtoon	45
C. Teorieë wat erflikheidsfaktore beklemtoon	48
D. Resente teorieë van neurologiese disfunksie	49
VII. Samevatting	52
HOOFSTUK 3. DIE REMEDIËRING VAN DISLEKSIE	54
I. Inleiding	54
II. Verskillende benaderings tot remediërende leesonderrig	55
III. Algemene beginsels waarop remediërende leesonderrig berus	63
IV. Die gebruik van die Aurelle-apparaat by leesterapie	66
A. Meganiiese hulpmiddels by leesonderrig	66
B. Die Aurelle-tegniek	67
V. Samevatting	77

HOOFSTUK 4. 'N EKSPERIMENTELE ONDERSOEK NA DIE LEES- FOUTE VAN AFRIKAANSSPREKENDE LAERSKOO- LEERLINGE MET DISLEKSIE	80
I. Inleiding	80
A. Navorsing oor leesfoute	80
B. Die klassifikasie van leesfoute	82
II. Die eksperimentele ondersoek	84
A. Doel	84
B. Proefpersone	85
C. Materiaal	86
D. Die afneem, nasien en verwerking van die leestoetse	87
E. Resultate	89
F. Kwalitatiewe beskouing van resultate	93
III. Die gebruik van die foute-analise	105
IV. Samevatting	109
OPSOMMING	111
SUMMARY	113
BIBLIOGRAFIE	115
BYLAE A	124
BYLAE B	126
BYLAE C	128
BYLAE D	130

LYS VAN FIGURE.

FIGUUR 1.	Die hiërarchiese verhouding tussen 'n mens se verbale sisteme	7
FIGUUR 2.	Kortikale visuele en spraakareas	13
FIGUUR 3.	Voorbeeld van 'n les uit die model "René et Maria"	75

LYS VAN TABELLE.

TABEL I.	Die verspreiding van leesfoute oor die foute-kategorieë vir groep 1	90
TABEL II.	Die verspreiding van leesfoute oor die foute-kategorieë vir groep 2	91
TABEL III.	Verdeling van die aantal foute per kategorieë oor die twee groepe	92

## INLEIDING.

### I. Probleem en doelstelling.

'n Normale leesvermoë is 'n voorwaarde vir 'n suksesvolle skoolloopbaan en vir aanpassing in die latere lewe. Ons leef vandag immers in 'n wêreld waar lees onontbeerlik is vir die verwerwing van kennis, probleemoplossing, byna alle vorme van opleiding en selfs vir 'n bestaan. Dat die belangrikheid van lees algemeen besef word, blyk uit die groot hoeveelheid navorsing wat reeds oor dié onderwerp gedoen is. Ten spyte van die baie teorieë en nuwe leertegnieke wat uit hierdie navorsing ontstaan het, misluk daar nogtans vele leerlinge in ons skole ten opsigte van die leesopdrag. Baie van hierdie leerlinge besit 'n bo-gemiddelde intelligensie, woon die beste skole by en word onderrig deur die bekwaamste onderwysers. Dit is hierdie verskynsel wat deur die gangbare term disleksie aangedui word.

In Suid-Afrika is nog weinig navorsing gedoen oor disleksie en dit lyk asof die begrip dat 'n ernstige leesafwyking kan voorkom by kinders van normale intellektuele vermoë nog nie algemeen posgevat het nie. Nogtans kom hierdie afwykings so algemeen voor dat 'n wetenskaplike benadering tot die probleem essensieel geword het. Disleksie vorm 'n studie-onderwerp van die opvoedkunde, die neurologie sowel as van die toegepaste psigologie. In die huidige studie word die probleem vanuit 'n meer psigologiese gesigspunt benader, hoewel die aanverwante beskouinge nie heeltemal buite rekening gelaat word nie. Aangesien dit die taak van die psigologie is om op wetenskaplike grondslag vanuit die psigiese

gesigspunt die mens as persoonlikheid in sy volle relasie tot die kosmos te ken (Hattingh, 1947, p. 167), sal die probleem van disleksie nie geïsoleer van die kind as totaliteit beskou word nie, maar as integrale deel van die kind se persoonlikheidsontwikkeling.

Die meer algemene doelstelling van hierdie studie is om op grond van die jongste beskikbare gegewens en die resultate van die eie ondersoek tot 'n beter begrip te kom van die leesproses en die disleksieprobleem by kinders.

Die besondere eksperimentele doelstelling van die studie is om 'n ontleding te maak van die leesfoute wat Afrikaanssprekende leesswak leerlinge in standerds een tot vier op 'n gestandaardiseerde diagnostiese leestoets begaan, ten einde 'n basis daar te stel vir die remediëring van disleksie m.b.v. die Aurelle-apparaat. Aan die Potchefstroomse Universiteit is hierdie apparaat tot dusver nog net gebruik vir die remediëring van spraakafwykings. In die lig van die besonder goeie resultate wat in Frankryk i.v.m. disleksie behaal is, is dit wenslik geag om ook hier plaaslik met die nodige basiese navorsing te begin wat uiteindelik sal lei tot die remediëring van disleksie by Afrikaanssprekende leerlinge. Deur die verskillende tipes foute te onderskei en 'n frekwensie-ontleding van die foute te maak, kan 'n basiese model opgestel word wat al die kenmerkende probleme van leesswak leerlinge insluit. Die model sal bestaan uit geprogrammeerde leesmateriaal wat oudio-visueel aangebied kan word. So 'n model sal natuurlik ook van waarde kan wees vir gewone remediërende onderrig, sonder die gebruik van die Aurelle-apparaat.



## II. Die program van die studie.

In die eerste hoofstuk word die funksies en die aard van die normale leesproses nagegaan. Daar word gepoog om tot 'n beskouing van die leesproses as taal-fenomeen te kom, deur te verwys na resente studies op sowel die neurologiese as die psigologiese terrein. Kennis van die verskillende aspekte wat in die leesproses 'n rol speel is van groot belang vir 'n begrip van die oorsake, aard en invloed van leesafwykings, terwyl dit ook die gebruik van geskikte remediërende prosedures sal beïnvloed.

Aangesien die diagnose en behandeling van enige afwyking slegs moontlik is waar daar 'n goeie begrip bestaan van wat die betrokke afwyking presies behels, word in die tweede hoofstuk, aan die hand van bestaande literatuur, die disleksiesindroom self beskryf. Daar word ook verwys na verskillende teorieë oor moontlike etiologiese faktore.

Die derde hoofstuk handel oor die remediëring van disleksie. Hier word verwys na bestaande remediërende tegnieke en beginsels. Spesiale klem word gelê op metodes wat aangepas kan word by Aurette-terapie. Die metode wat in Frankryk gebruik word vir die remediëring van disleksie m.b.v. die Aurette, word ook beskryf.

'n Beskrywing van die eie eksperimentele studie word in hoofstuk vier weergegee. Na 'n kort oorsig van foute-ontledings wat oorsee gedoen is, volg die beskrywing van die doel, proëfpersone, materiaal, metode en resultate van die huidige studie.

Die verhandeling word afgesluit deur 'n kort opsomming van die hele studie.